

JY kan iemand anders help al dink jy dalk jy beteken in elk geval nie veel nie

deur Elmarie van der Westhuizen
2 Konings 5; 2 Konings 4:43-44; Jeremia 38

Die Here, wat oor al die hulpbronne van die heelal beskik, kies brose, feilbare, swak mense om Sy wonderlike werk hier op aarde te doen. Akademiese kwalifikasies is soms handig, maar nie noodsaaklik nie. **My geloof en my beskikbaarheid is die vyf broodjies en twee vissies wat ek in Jesus se hande kan plaas om vir iemand anders iets te beteken.**

So was 'n klein diensmeisietjie 'n gewillige skakel in God se wonderwerk in die baie vername Naäman se lewe. Sy het genoeg omgee om hom in die regte rigting te stuur en die Here het die res gedoen.

Jeremia het in die modder op die bodem van 'n put beland en kon nie self daar uitkom nie. Hiervoor het God **mense wat omgee** gestuur om te kom help. Jeremia se helpers het toue en ou lappe in 'n pakkamer van die tempel gaan haal - lappe wat Jeremia onder sy arms moes sit sodat die toue hom nie stukkend skaaf nie wanneer hy die toue onderdeur sy arms te sit en die helpers hom uittrek nie. Dit help baie selde as ons ewe vrolik (of kwaai) vir iemand sê: "Ruk jouself reg!" Dit mag nodig wees om met die lappe van liefdevolle omgee die skaaf wat saam met die hulp gaan, te versag.

So kan God ook my beperkte tyd, energie en vermoëns vermenigvuldig om uit te reik na die mense wat Hy wil. Ek mag vind dat, wanneer ek ten spyte van my eie moeilike omstandighede en te midde van my druk program my huis vir moeë reisigers sonder heenkome aanbied, ek en my huis die seën ervaar van 'n skakel te wees in God se wonderwerk vir mense in nood.

Jesaja 35 leer vir ons dat die pad van die regverdige deur die woestyn gaan – daar is van tyd tot tyd swaarkry op elke Christen se pad. Maar, **wanneer ons uitreik na ander om hulle te bevoedig, word onself in die proses versterk.** Kyk maar wat gebeur wanneer jy swaartrek met finansies en jy gee vir iemand wat nog swaarder trek, 'n mandjie kos of selfs net 'n varsgebakte brood present – die son skyn sommer helderder vir albei van julle!

"Everybody can be great, because anybody can serve, you don't have to have a college degree to serve. You don't have to make your subject and your verb agree to serve. You don't have to know about Plato and Aristotle to serve. You don't have to know Einstein's theory of relativity to serve. You don't have to know the second law of thermodynamics in physics to serve. **You only need a heart full of grace.** A soul generated by love." Martin Luther King

Liewe lidmaat van Rietfontein-Suid: Die Here wil en kan ook JOU gebruik. Wees jy net gewillig, en plaas jou bietjie, jou 5 broodjies en 2 vissies, in die Here se hande. Jy sal verbaas staan oor die wonders wat die Here met jou bietjie kan vermag. Vertrou Hom maar net daarmee!

Ds Leon Tait



HOOP VIR BESIGE OUERS

Deel 2

Geen ouers besluit vooraf dat hulle dit vir hulle kinders wil moeilik maak nie. Ouers het hulle kinders lief en wil die beste vir hulle kinders doen. Dit is bloot as gevolg van onkunde en 'n soort onbeholpenheid onder druk, dat ouers soms besluite neem en dinge doen wat vir niemand in die huis goed is nie.

Die goeie nuus is dat daar suksesvolle christenouers is wat hulle kinders begelei tot gesonde volwassenheid en tot geestelike oorwinnaars. Wat vir hierdie ouers werk word deur navorsing saamgevat in 'n juweel-boek: *Revolutionary Parenting* (George Barna).

Ek deel 'n paar sake uit die boek want ek weet dat ouers nie almal die tyd kan in ruim om te lees nie.


Naas ons verhouding met God wat die belangrikste bron van krag vir ons ouerskap is, is die tweede belangrikste saak *ons verhouding met ons kinders*.

Die soort verhouding wat ons met ons kinders het is uiters belangrik. Alles wat ons aan ons kinders wil oordra geskied deur middel van ons verhouding met hulle. Daarom hoe beter die verhouding, hoe beter kan die oordrag plaasvind.

Verhouding spel 'n mens "t-y-d". 'n Egte vertrouensverhouding kan nie gebou word deur oorskiet- of krummelyd nie en verseker ook nie deur vir kinders hope goeters te gee nie. Daar is nie 'n plaasvervanger van liefdevolle en persoonlike tyd saam met jou kind nie. Die gemiddelde tyd wat suksesvolle christenouers volgens Barna saam met hulle kinders spandeer om 'n goeie verhouding te bou is ongeveer 90-120 minute per dag. Hierteenoor spandeer die tipiese ouer slegs 15 minute direkte gesprekstyd met kinders per dag. Kan jy dink watter verskil dit sal maak as ons hierdie 15 minute kan sesvoudig vermeerder? Is dit regtig so onmoontlik as ons onthou dat ouerskap eintlik 'n volydse roeping van elke christenouer is? Indien jy nou heeltemal platgeslaan voel oor die tyd wat jy nie weet hoe jy dit kan inruim nie, hier is 'n paar wenke wat tog mag help:

Na bladsy 2 >>>

- Maak etenstye egte kuiertyd saam as gesin (skakel maar die TV 'n rukkie af);
- Maak van elke motorrit 'n tyd van verhoudingbou;
- Doen moeite om by jou kind se sport uit te kom (ouers moet mekaar hiermee help);
- Maak elke week met een van jou kinders 'n afspraak (date) om te gaan kuier rondom 'n melkskommel of milo en 'n burger;
- Boek en gebruik Vrydagaande as familie-aand wat julle saam alles doen, lekker kuier en selfs miskien familiebed maak;
- As jy van die werk af kom gee vir eerste halfuur gefokusde aandag aan elke kind;
- Gebruik die stilword met bedtyd as 'n egte van hart tot hart ervaring voor die Here, saam met elke kind;



Moenie die volgende leuen glo nie: 'n bietjie kwaliteit tyd is beter as kwantiteit tyd nie. Wat ons kinders en ons nodig het om verhoudings te bou wat goed genoeg is om ware opvoeding te kan doen, vereis heelwat kwaliteit tyd.

In plaas van moedeloos te wees omdat jy dink dit 'n onmoontlike taak is, begin net doelbewus beplan en doen wat jy nou kan. Neem die besluit om in die verhouding met jul kind doelbewus te belê. Vra die Here vir wysheid hoe om meer doelbewus te bou aan 'n nog beter verhouding met jou kinders.

'n Paar addisionele ligbakens vir jou ouerskap pad:

- ♦ weet wat jy wil oordra aan jou kinders (vir christenouers is dit om die kinders te help om die Here waarlik te ken, lief te hê en vir Hom te leef) Nie om kinders maar net gelukkig te hou of van hulle sosiaal goed aangepaste mense te maak of om hulle presteerders te maak nie.
- ♦ Christenouers fokus op Christen-karakterbou (Leuen wat ons nie moet glo nie: as jy jou kind aan soveel moontlik dinge laat deelneem en blootstel sal hy/sy outomaties 'n goeie of Christelike karakter hê)
- ♦ neem self verantwoordelikheid vir die geestelike vorming van jou kind (Die kerk help en ondersteun jou in hierdie taak)
- ♦ moenie jou kind se beste vriend probeer wees nie, maar wees eerder jou kind se beste ouer (hulle het genoeg pille, wat hul nodig het is 'n ouer wat voorloop op die geestelike pad en lewe)
- ♦ ouers se voorbeeld praat die hardste. Meer as 60% van opvoedingsoordrag vind deur wat hulle sien plaas. Ouers se modellering van hoe christene leef en alles hanteer is die heel belangrikste. Geloofwaardige en praktiese christenskap wat werk maak al die verskil.

Na bladsy 3 >>>

Die Gemeente wat vir almal omgee!



KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:


Om deur omgee-verhoudings in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:

Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591

NG GEMEENTE RIETFontein-SUID	WERKLIK	BEGROOT
Maandelikse Dankoffer	R 558,154.00	R 557,678.00
Offergawes Eredienste	R 87,620.00	R 101,021.00
Sinodale deurkollekte	R 9,608.00	R 11,900.00

NG GEMEENTE RIETFontein-SUID INKOMSTE JAN-MEI 2014



Dankie vir die geleentheid om u van diens te wees!

Wil u eiendom koop, verkoop, huur of verhuur?

Ek is seker dat my diens u tevrede sal stel, soos hierdie tuisgemaakte mosterdresep alle gebruikers tevrede stel!

Mosterdresep:

1 blik kondensmelk, $\frac{3}{4}$ koppie asyn,
3 tl mosterdpoer.

Meng asyn en mosterdpoer tot glad. Voeg kondensmelk by en laat oornag staan. Bottel en gebruik soos benodig.



Alfreda Le Roux

Agent

(O) [012 940 5484](tel:0129405484) (C) [079 271 8137](tel:0792718137) (F) [086 633 2724](tel:0866332724)

Email: alfreda.leroux@seeff.com



This communication is intended for the addressee 'only, it is privileged and confidential and any unauthorized dissemination or copying is prohibited. If you have received this communication in error please 'notify us immediately and please destroy the original message.

- ♦ dissiplineer konsekwent. Maak saam huisreëls en hou by die reëls en die gevolge daarvan indien kinders nie daarby hou nie. Pa en ma moet saamstaan hierin! Al is dit soms hoe pynlik, kinders moet leer dat ongehoorsaamheid het gevolge. Anders maak ons onmoontlike mensies vir die samelewing groot.
- ♦ kinders moet weet wie is in beheer in die huis. Ouers mag nie hulle besluite deur kinders se manipulasie of "tantrums" laat beïnvloed nie.
- ♦ ouers se insette moet deurgaans met respek gegee word aan kinders. Nie op geskreue word of afgekraak word of heeltyd gedreig word of ignoreer word nie. Soos een jongvolwasse kind dit mooi stel: my parents always treated us with respect- not necessarily like adults, but as human beings who were made in God's image and therefore deserved to be treated with sensitivity.
- ♦ kinders moet gehoor word. Deur jou kind te laat ervaar dat jy hom/haar regtig hoor maak 'n reuse verskil. Wanneer 'n kind beleef dat ma/pa my hartklop hoor en verstaan hoe ek voel, aanvaar hulle makliker wat ma/pa ook sê.
- ♦ onvoorwaardelik liefde wat die kind aanvaar tsv hoe die kind ook al optree en watter foute hy/sy ook al maak word deur meeste jongvolwasse christenjongmense genoem as dit wat die grootste impak op hul lewe gemaak het.
- ♦ christen jongmense getuig dat die besef en beleving van gesamentlike gebed en Bybelstudie met hul ouers aan hul verhouding 'n dieper dimensie gegee het wat ander kinders nie het nie.

Ons het as ouers goeie rede om nie te hard te wees met onself nie. Selfs die Here- die Volmaakte Ouer- het opstandige kinders gehad (lees Jesaja 1 :2). Verder kan die Here selfs ons grootste onvolmaaktheid en foute omkeer in iets goed.

Geseënde ouerskap!



ds Leon van Heerden



- ♦ **21 Julie:** Skole Open
- ♦ **27 Junie:** Visiediens & Doop @ 9:00
- ♦ **27 Junie:** Youthbash @ 18:00

Sien jou daar!

50 DAE VAN GROEI EN GROEI

GOEIE NUUS VIR ALMAL WAT MEER HOOPVOL
WIL WEES EN VIR ANDER HOOP WIL GEE !
ONS HET HIERDIE JAAR 'N 50 DAE REEKS
ONS BEGIN 10 AUGUSTUS TOT 21 SEPTEMBER

DAAR IS DRIE MANIERE VAN BETROKKENHEID:

1. SONDAE-EREDIENSTE BYWOON
2. DAGSTUKKIES LEES
3. INSKAKEL BY OMGEEGROEP VIR 50 DAE

LATER MEER INLIGTING!

NAVRAE: DS LEON VAN HEERDEN 083 660 1803

DS LEON TAIT 082 601 4235



BOOMSLOPING en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

GRATIS - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak Ilze 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze 072 111 3100, email - ilzedples@gmail.com

Kambodja-projek - "Rys vir arm oumense"

Skenkings word asseblief gevra vir rysvoorsiening vir arm oumense wat amper doodgaan van honger.

Eenmalige of maandelikse bydra kan gemaak word aan:

Bamboo shoot: A Glas / ABSA, Spaar rek no. 038187730900

Verwysing: Voedingskema

Wag op die Here!

Luister tog na my woorde, Here, hoor hoe ek sug. Gee tog aandag aan my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek. U luister na my stem in die môre, Here, in die môre terwyl ek voor U verskyn en op U wag.

—Psalm 5:2-4.

Wanneer ons lewenskap op die rotse loop, lyk dit dalk vir ons of die Here ons verlaat het. God kruip egter nie vir ons weg nie; dit is ons selfsug wat verhoed dat ons Hom raaksien en herken. Indien ons, in 'n oomblik van heldersienheid, ons verknosing verstaan, het ons die belofte van God dat Hy sal hoor as ons Hom aanroep.

Wanneer ons in die lewe probleme ondervind, is dit sekerlik moeilik op op die Here te wag. Die Israeliete wat onder die Romeinse juk gebuk gegaan het, het net so gevoel. Hulle kon nie wag vir hulle Messias om te kom nie. Na eeue se wag is hulle hoop vervul deur die Baba wat in Betlehem gebore is. God het sy Seun gestuur om die wêreld te red; al wat hulle moes doen, was om op God se tydsberekening te wag.

Heilige en getroue Vader, ek bring my hartsversoek na U en wag met vertroue vir u antwoord op u tyd.

Amen

Deur Solly Ozrovech

**The value of persistent prayer is not that
He will hear us but that we finally hear
Him.**